PROVERTO
Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers

2021

www.proverto.co.za

Hoërskool Olimpiade

Guiding the leaders of tomorrow

BESIGHEIDSTUDIES

GRAAD 11

Olimpiade Vraestel

Ronde Een

Punte: 30

Tyd: 1 uur

Datum: 12 Mei 2021

Instruksies

1. Vul antwoorde in op die ANTWOORDBLAD.
2. Onthou om jou persoonlike inligting volledig in te vul op die ANTWOORDBLAD.
3. Die ANTWOORDBLAD het 4 afdelings, maak seker dat jy die korrekte vak kies.
4. Elke vraag het 4 moontlike antwoorde (A B C D)
   Slegs een antwoord is korrek.
   Kleur die antwoord sirkel volledig in.
5. Sterkte!

PROVERTO EMS OLIMPIADE 2021 – GRAAD 11 BESIGHEIDSTUDIES

RONDE 1

INVLOEDE OP EN BEHEERFAKTORE WAT SAKE-OMGEWINGS BEÏNVLOED

1. Die wyse waarop ‘n besigheid aan alle belanghebbendes uitgebeeld word ten opsigte van hul beeld, houding, diens en produklewerings, asook hoe eties dit bestuur word, staan bekend as ...

A Besigheidsetiek.
B Media-etiek.
C Norme en waardes.
D Professionaliteit.

2. VIGS het 'n uiters ernstige impak op die arbeidsmag en Famous Brands Ltd is nie vry van die volgende impak nie.

A Die koste van lidmaatskap aan mediese fondse styg nie.
B Produktiwiteit neem toe.
C Werknemers kan meer gereeld van die werk af wegbly.
D Siek werknemers kan die klante besmet.

3. Sou die volgende stelling as WAAR of ONWAAR geklassifiseer word?

Die **<u>makro-omgewing</u>** bevat alle faktore en veranderlikes waaroor die onderneming volle beheer het.

A Onwaar, markomgewing.
B Onwaar, mikro-omgewing.
C Waar.
D Onwaar, tersiêre omgewing.

4. Evalueer of die volgende uittreksel as 'n missie- of visieverklaring geklassifiseer kan word.

Bou die beste produk, veroorsaak geen onnodige skade nie, gebruik besigheid om oplossings vir die omgewingskrisis te inspireer en toe te pas.

A Kombinasie van beide missie- en visiestelling
B Visiestelling
C Missieverklaring
D Nie een van die bogenoemde nie

UITDAGINGS IN SAKE-OMGEWINGS

5. Wanneer die bestuur van Pick n Pay Clothing die impak van inflasie op die prys van klere wil ontleed, sal hulle waarskynlik ... gebruik om die uitdaging te ontleed.

A PESTLE
B Porter se Ses Kragte model
C Hulpbrongebaseerde benadering
D Al die bogenoemde

6. Volgens STATS SA, hoeveel poste het die Suid-Afrikaanse ekonomie in die tweede kwartaal van 2020 afgeskud?

A 1 miljoen
B 2,2 miljoen
C 500 duisend
D 5,5 miljoen

7. Prioritiseer die sosiale probleme van die belangrikste tot die minste belangrik.

A Werkloosheid lei tot armoede; armoede lei tot misdaad; en misdaad lei tot geweld.
B Tegnologie lei tot armoede; armoede lei tot verhoogde onderwys; en onderwys lei tot geweld.
C Werkloosheid lei tot armoede; armoede lei tot verhoogde belasting; en verhoogde belasting lei tot misdaad en geweld.
D Nie een van die bogenoemde nie.

8. 'n Verskaffer wat bankrot speel, sal 'n verandering teweegbring in watter omgewing?

A Makro
B Primêr
C Mikro
D Mark

9. Verbruikers se besteebare inkomste kan gesien word as 'n ... faktor.

A ekonomiese
B sosiale
C wettige
D tersiêre

AANPASSING BY UITDAGINGS IN SAKE-OMGEWINGS

10. Die proses om inligting te bekom oor moontlike huidige en toekomstige gebeure wat 'n invloed op die prestasie van die onderneming kan hê.

A Omgewingskandering
B Porters Ses Krag model
C PESTLE
D SWOT matriks

11. Die mees waarskynlike impak van 'n resessie op Pick n Pay is ...

A 'n verhoging in lone.
B 'n toename in afleggings.
C 'n afname in dissiplinêre griewe.
D 'n toename in die bedingingsmag van werknemers.

Die volgende diagram moet gebruik word om Vrae 12 en 13 te beantwoord.



Figuur 1: https://www.tuturself.com

12. Bepaal die tipe organisasiestruktuur wat in die prentjie uitgebeeld word.

A Organisasiestruktuur van personeel.
B Lyn organisasiestruktuur.
C Matriks organisasiestruktuur.
D Kombinasie van personeel en lyn organisasiestruktuur.

13. Beskryf een nadeel van hierdie tipe struktuur.

A Personeel het kundigheid oor die aangeleentheid.
B Eenheid van gesag.
C Groter buigsaamheid.
D Gewoonlik rigied en onbuigsaam.

14. Die BBP (bruto binnelandse produk) van 'n land dui die ... van die land aan.

A ekonomiese stabiliteit
B ekonomiese groei
C politieke onstabiliteit
D sosiale welstand

IMPAK EN UITDAGINGS VAN KONTEMPORÊRE SOSIO-EKONOMIESE KWESSIES OP SAKEBEDRYWIGHEDE

15. Noem of die volgende WAAR of ONWAAR is. Indien ONWAAR, stel die stelling reg om dit WAAR te maak.

KSV fokus op **wins- en omgewingskwessies**.

A Waar.
B Onwaar, wins en die gemeenskap.
C Onwaar, gemeenskap en die omgewing.
D Onwaar, wins en dividende.

16. Wie het die teorie bedink wat daarop dui dat alle ondernemings 'n wettige verantwoordelikheid het teenoor die breër samelewing?

A Porter en Adam
B Adam
C Maslow
D Blowfield en Murray

17. Ongeveer 18,9% van die bevolking oorleef op minder as … per dag.

A R27.66
B R40.00
C R105.60
D R30.50

18. 'n Sosiale bedreiging wat die gesondheid van 'n bevolking kan beïnvloed.

A Werkloosheid
B Nuwe regering
C Infrastruktuur
D Beurtkrag

19. Beveel aan wat die regering kan doen om die probleem van armoede in Suid-Afrika op te los.

A Verhoog BTW op goedere.
B Bou vulstasies en verhoog die brandstofprys.
C Verminder infrastruktuurontwikkeling.
D Bou skole en klinieke.

BESIGHEIDSEKTORE

20. Verander die onderstreepte woord om die stelling waar te maak:

Die grootte en kenmerke van die bevolking van 'n land is faktore wat verband hou met die **<u>infrastruktuur</u>** van die land.

A geografie
B markaandeel
C geologie
D demografie

21. Van watter sektor van die ekonomie is Debonairs Pizza deel?

A Informeel
B Sekondêr
C Primêr
D Tersiêre

22. Hoeveel sake-redding is deur die minister van finansies, Tito Mboweni, in 2020 aan die SAL gegee?

A R16,4 miljard
B R15,2 miljoen
C R14,2 miljard
D R3,5 miljoen

23. Die volgende is 'n voorgestelde lys van ondernemings in die tersiêre sektor van die ekonomie.

1. O.R. Tambo Internasionale Lughawe
2. Nedbank
3. Aqua Monte Bottelaanleg
4. Amakulu Dairy
5. Sun International groep

Kies die regte kombinasie:

A 1, 3 en 5
B 1, 2 en 5
C 2, 4 en 5
D 3, 4 en 5

24. Negatiewe ekonomiese groei vir twee agtereenvolgende termyne.

A Inflasie
B Uitbreiding
C Inkrimping
D Resessie

VORME VAN EIENAARSKAP

25. Pas die volgende stelling aan sodat dit 'n maatskappy in plaas van 'n vennootskap as 'n vorm van eienaarskap beskryf: **Vennootskappe is besighede wat deur twee of meer mense besit word.**

A Maatskappye is besighede wat deur vyf of meer aandeelhouers besit word.
B Maatskappye is besighede wat deur een of meer aandeelhouers besit word.
C Maatskappye is besighede wat deur 'n maksimum van 50 aandeelhouers besit word.
D Maatskappye is besighede wat besit word deur 'n kombinasie van alleenhandelaars en vennote.

26. Korrigeer die onderstreepte woord om die volgende stelling waar te maak:

Die **<u>Wet op Maatskappye 61 van 1973</u>** is wetgewing wat maatskappye in die nuwe millennium beheer.

A Maatskappywet 81 van 2018
B Maatskappywet 71 van 2008
C Maatskappywet 51 van 1963
D Maatskappywet 1 van 1873

27. Identifiseer 'n voorbeeld van 'n nie-winsgewende maatskappy uit die onderstaande foto's.

i.	ii	iii.
Figuur 2: https://www.divorceattorney.co.za	*Figuur 3: https://en.wikipedia.org/wiki*	*Figuur 4: https://commons.wikimedia.org/wiki*

A ii. Suid-Afrikaanse Lugdiens
B i. Die Kinderhospitaal Trust
C ii. en iii. Suid-Afrikaanse Lugdiens en SABC
D i. en iii. Die Kinderhospitaal Trust en SABC

28. 'n Besigheid wat deur een persoon begin en besit word.

A Aanspreeklikheidsmaatskappy
B Privaat maatskappy
C Vennootskap
D Alleenhandelaar

29. Maatskappye moet hul ... laat oudit.

A AFS (finansiële jaarstate)
B KSV (korporatiewe sosiale verantwoordelikheid)
C BTW (Belasting op Toegevoegde Waarde)
D AFS (jaarlikse uitvoerbaarheidsverklarings)

30. Die bedrag wat betaal word, hang af van die winste wat deur die onderneming gegenereer word.

A Belastingimplikasies
B Implikasies vir aandele
C Aandele
D Nie een van die bogenoemde nie